

# KOERSVAS

Jaargang 4      Uitgawe 93      12 Augustus 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Briewe reaksie

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Nuwe teologiese pad.

Daar was groot ontevredenheid in 2010 toe die teenstem teen die aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69e AKV nie wou bes gee nie. Die redenasie wat deur die aanvaarkant gegee is, was dat die besluit nie 'n wesensbesluit was nie en dat niks verander het nie. Die steedsHervormers was oortuig die besluit (54/69) was net moontlik teen die agtergrond van 'n **nuwe NHKA teologierigting**. Die teenstand teen die besluit (54/69) was diep gewortel in die Reformatoriese teologie en die beginselverskille tussen die partye kon nie anders as om uit te loop in die skeiding van die weë nie. Die korrekte beskuldiging dat die NHKA se teologiese baan verander het na een wat baie meer aansluiting vind by die Bevrydingsteologie en die Liberalisme, is afgemaak as onsinnig.

Met verloop van tyd het dit al duideliker geword dat daar wel beweeg word na 'n Bevrydingsteologie in die teologiese denke van die NHKA. Die Geyser-gedenklesing was baken vir die anker van die Liberalisme wat sentraal is tot die nuwe teologiese fakulteit. Die HTS se nuutste "akademiese navorsing" ondersteun hierdie nuwe

benadering, soos blyk uit artikels soos "*Reading Ruth 4 and Leviticus 25:8–55 in the light of the landless and poor women in South Africa: A conversation with Fernando F. Segovia and Ernesto 'Che' Guevara*".

Hierdie benadering het deurgesuur na die res van die NHKA, soos ook blyk uit die THT se simposium wat Augustus aangebied word. Die simposium gaan handel oor die teologie van Jürgen Moltmann (April 8, 1926 -). Hy is 'n Duitse teoloog en Professor Emeritus van Sistematiese Teologie by die Universiteit van Tübingen. Hy is bekend vir sy Sosiale Triniteitsleer, sy teologie van hoop en sy invoeging van elemente van die bevrydingsteologie asook ekologiese temas in die Reformatoriese teologiese denke. Van belang van hierdie redaksioneel is om aan te dui hoedat hierdie temas aansluit by die politiek van die dag.

Die Sosiale Triniteitsleer se sentrale gedagte is dat die drie persone van die Triniteêre Godheid se eenheid in 'n liefdevolle verhouding geleë is<sup>1</sup>. God is hiervolgens inherent 'n sosiale wese. Die mens as na God se beeld geskep, word daarom geroep tot self-prysgawe en 'n sosiale bestaan. Hierdie gedagte sluit aan by die

<sup>1</sup> Vader het lief, Seun is Geliefde en Heilige Gees is band van liefde vgl H Kung

reënboogslang se Ubuntu en strewe na sogenaamde sosiale geregtigheid.

Sy teologie van hoop (*Theologie der Hoffnung*, -1964) is die gevolg van persoonlike ervarings as krygsgevangene na die Tweede Wêreldoorlog. Volgens hom moet die beloftes van God meer gewig dra as God se handeling in die verlede. Mense moet met ander woorde fokus op die toekoms en aktief meewerk aan die vestiging van hierdie mooier toekoms, eerder as om te wag vir dit om te kom. *“The thought of a life after death can cheat us of the happiness and the pain of this life, so that we squander its treasures, selling them off cheap to heaven. In that respect it is better to live every day as if death didn’t exist, better to love life here and now as unreservedly as if death really were ‘the finish’. The notion that this life is no more than a preparation for a life beyond, is the theory of a refusal to live, and a religious fraud. It is inconsistent with the living God, who is ‘a lover of life’. In that sense it is religious atheism.”*<sup>2</sup> Volgens hom is hoop dus die sentrale motiverende faktor in mense se lewens wat die kerk dwing tot sending, wat mense na geregtigheid moet laat strewe en ’n nuwe toewyding aan die kwynende skepping aanmoedig. In lyn met die reënboognasie ideologie vind die tema van Moltmann aanklank soos dit weerklink in die Grondwethof uitspraak. : *“And we think it would be better for white Afrikaans people, and indeed everyone else, to find their sense of place and belonging, not only in the past, but also in a shared future, one the Constitution nurtures and guards for all of us, together, united in our diversity.”*<sup>3</sup> Die ideaal is duidelik om hier op aarde die onmoontlike te vermag (God te speel) en selfs alle armoede en ongeregtigheid uit te wis. Ironies dat ongeregtigheid gebruik word om ongeregtigheid om te keer - ’n bese nimmereindigende siklus.

<sup>2</sup> Jürgen Moltmann, *The Coming of God: Christian Eschatology*

<sup>3</sup> CONSTITUTIONAL COURT OF SOUTH AFRICA Case CCT 157/15

Daar is ’n magdom internasionale teoloë van formaat, Europees en Amerikaans, wat geraadpleeg kan word om ’n kerk se teologiese denke te stimuleer. Die keuse van teoloog dui immers keuse van teologiese rigting aan. Moltmann se bydraes is uitsonderlik, juis op die terreine wat die politiek van die dag dien. Dit is geen wonder dat sy teologie as materiaal vir ’n NHKA simposium aangebied word nie.

### BRIEWE REAKSIE

*U artikel in Koersvas oor die Grondwethof se uitspraak het betrekking:*

*So vermetel en infaam as wat die betrokke regters se uitsprake is, word ons nie bang nie, want volke word deur God in aansyn geroep en Hy bepaal hulle lotgevalle, nie mense nie, maar hierdie spul matig hulle sulke uitsprake aan! Hulle is net so vermetel soos daardie Engelsman, Sir Garnet Wolseley, wat vir die Boere gesê het dat die Vaalrivier na sy oorsprong sal terugvloei eerder as dat Transvaal weer deur die Boere regeer sou word. Dit was 'n paar maande voor Majuba...*

*Dit is egter verstommend dat enige mens in 'n posisie geplaas kan word waar hy bindende uitsprake oor 'n volk kan maak (soos De Klerk ook gedoen het toe hy beduie het dat hy tot die gevolgtrekking gekom het dat die Afrikaner (Boer) nooit die voorreg van 'n eie vaderland sal hê nie, en ons volk daardeur tot ewige bywoner verdoem het, sou dit aanvaar word), en dit deur 'n mensgemaakte Grondwet op wie vele volksgenote hul vertrouwe stel om ons en ons kulturele regte te beskerm, en waarvan geroem word dat dit "die beste grondwet in die wêreld" is.*

*Teenoor bg. grondwet staan die standpunt van reggeaarde Godvresende volksgenote:*

*"As volk glo en bely ons die oppergesag van die drie-enige God as die Skepper, Onderhouer, Herskepper en Voleinder van alle dinge. Daarom moet die Grondwet van die Boere-Afrikanervolk se land die oppergesag van God erken, en moet die*

wette wat ons bestaan reguleer, op die grondslag van Gods Woord berus, en nie op 'n sekulêre Grondwet wat God en sy Woord misken nie. Slegs dan kan die volk se morele waardes erkenning en beskerming geniet op alle vlakke van die volkslewe. Onderwerping aan 'n Grondwet wat beginsels en norme daarstel en wette voortbring wat in stryd is met ons godsdienstige en morele opvattinge, is onreg, en uit Bybelse oogpunt gesien, sonde.

Die owerheid en alle ander gesagsdraers ontleen hul gesag aan God, nie aan die mens en sy liberale demokrasie nie. Daarom eis die Boere-Afrikanervolk om regeer te word deur 'n owerheid wat die Woord van God gehoorsaam, volgens sy wet regeer en die volk tot orde en gehoorsaamheid aan sy Woord lei." (aangehaal uit die aangehegde dokument).

As ons volk weer na die fundamente terugkeer waaruit ons ontstaan en waarop ons volkslewe gebou was, ons rug op hierdie sekulêre bedeling draai en elkeen sy plig doen, hoef ons nie die toekoms te vrees nie. Hulle is so seker geweeg en getel soos koning Bésasar en sy ryk geweeg en getel was.

Vriendelike groete  
Andries Breytenbach

### KENNISGEWINGS

Die Agenda en bylae is na al die gemeentes versend. Kerkrade word versoek om so gou doenlik te verseker dat afgevaardigdes hulle eksemplare (elektronies of gedruk) ontvang.

#### • **BONSDAMESBYEENKOMS**

Alle dames is welkom om ook die Bondsdamesbyeenkoms op die Maandag by te woon. Laat weet asseblief vir ds. Frans Marais hoeveel dames u van u gemeente gaan wees.

#### • **GELOOFSBONDKWILT 2016**

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Tydens die Geloofsbond se Damesbyeenkoms in 2015, is daar besluit om by te dra tot die Opleidingsfonds deur 'n gesamentlike projek te loods.

As beginpunt van hierdie fonds, is 'n laslappiekomers/deken gemaak wat toe verlede jaar uitgeloot en gewen is.

Elke Bondsgemeente was 'n geleentheid gebied om blokke vir die geskiedkundige kwilt te maak. Die blokke was aangestuur en aanmekeargewerk soos wat Bondsgemeentes deur geloof aanmekeer gebind is.

Daar is oor 'n R30 000 ingesamel en inbetaal met hierdie poging. Nou in 2016 doen ons dit weer. Dankie vir al die gemeentes wat blokke ingestuur het.

Lootjielyste is beskikbaar en kan bestel word by Ella Joubert per adres: [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com).

- Die eerste uitbetaling(s) word tydens die Bondsvergadering se opening gedoen.

### Advertensies

- Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg:

[https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif\\_t=page\\_wall](https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall)

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

Ondersteun gerus Premiermyn se vakansiekompetisie en gaan rus by die Wildekus se begin.

27 Augustus 2016 hou Premiermyn ook hulle jaarlikse basaar. Die tema is EN TOE ... Geliefde fiktiewe karakters gaan daar wees. Gepetto se werkswinkel werk hard om alles reg te kry.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op *whatsapp* beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

#### •Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke

➤ Reklame plakkate en ander drukwerk [ella@teamworkprinters.c](mailto:ella@teamworkprinters.c)

Steedshervormer, Ernie van der Westhuizen, se seun het 'n tumor op die brein en die gesin gaan self die koste moet dra. Hy versoek enige hulp wat u kan bied.

*ERNU requires an urgent operation entailing the removal of a carotid body tumour. (Also called a chemodectoma or paraganglioma) This is a tumour found in the upper neck at the branching of the carotid artery.*

*Account Holder Name: EJ van der Westhuizen*

*First National Bank*

*Account Number: 62470971633*

*Branch Name: Lynnwood / 252045*

*Account Type: Savings*

Maak 'n donasie van R100-00  
en staan 'n kans om 'n  
7 dae seevakansie vir 4 persone te wen



Eden Palms, Palm Beach,  
Port Edward



Trekking:

13 November 2016



Kontak Hans Esterhuizen  
vir verdere besonderhede by  
084 581 2905

